BARINOR
SINCE 1886

Barinor Holdings (Pty) Ltd

Algemene Jaarvergadering
Jaarlikse Verslag 2020

INHOUDSOPGAWE

Brief van die Uitvoerende Voorsitter	1
Omsendbrief aan Aandeelhouers	6
Korporatiewe inligting en adviseurs	7
Belangrike datums en tye	7
Definisies	8
Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering	9
Volmagvorm	13
Sosiale, Etiese- en Transformasiekomitee	15
Finansiële opsomming	18

BRIEF VAN DIE UITVOERENDE VOORSITTER

Mense oor die wêreld heen beskou COVID-19 as die grootste krisis waarteen die mensdom sedert die Tweede Wêreldoorlog te staan gekom het. 'n Mens kan dus redelikerwys sê dat hierdie pandemie ons lewens drasties verander het. Die disoriënterende effek wat dit op ons persoonlike omstandighede en ons werkwêreld en dus op ons individuele en besigheids- finansiële situasie het, is in die meeste gevalle rampspoedig.

Barinor as 'n besigheid is ook negatief geraak deur die pandemie. Om meer spesifiek te wees, ons eiendomme, beleggings in die JSE en ons wynbesigheid het ernstige terugslae beleef tydens die inperking wat tot werklike uitdagings gelei het wat die handhawing van 'n gesonde kontantvloei situasie betref. Dit kan 'n uitkring-effek hê op ons winste vir die volgende twee tot drie jaar, ons dividende en ons aandele-terugkoop geleenthede. COVID-19 het gelukkig geen beduidende invloed op Barinor se stabiele batebasis nie.

Barinor se fokus vir die afsienbare toekoms is om ons besighede te stabiliseer en enige kontantvloeiprobleme te beperk. Ons hoofstrategie sluit krisis-reaksiespanne vir Barinor se onderskeie besigheidseenhede in. Ons D'Aria krisis-reaksiespan het reeds positiewe uitkomste opgelewer toe die COVID-19-inperking vanaf vlak 4 tot vlak 3 verlaag is wat die wynkelder in staat gestel het om weer wyn te verkoop. Rekord-daaglikse verkope is deur die aanlynverkoopsplatform en D'Aria se Proelokaal behaal.

Die Junie 2019 finansiële jaarresultate soos gerapporteer toon 'n netto wins van R4.5 miljoen. Ek is baie trots dat ons hierdie resultaat kon behaal, gegewe die lae ekonomiese groeikoers in Suid-Afrika. Ons het ook 'n suksesvolle aandeelterugkoop transaksie afgehandel, die eerste sedert 2008. Die Barinor-direksie het besluit om 'n dividend van 13 sent (netto) per aandeel te verklaar. Vanweë die negatiewe effek van COVID-19 op Barinor se kontantvloeisituasie sal die direksie hierdie besluit hersien wanneer daar meer duidelikheid oor die impak van COVID-19 op Barinor se kontantvloei is.

Om Barinor se prestasie tydens die 2018-2019 finansiële jaar onder hersiening te evalueer, verwys ons na die volgende grafieke:



BRIEF VAN DIE UITVOERENDE VOORSITTER (vervolg)

Die netto batewaarde per aandeel het met **0.78%** *vergeleke met die vorige jaar gestyg. Barinor se aandeelwaarde het te midde van swak ekonomiese toestande effens verhoog.*



Die verdienste per aandeel dien as 'n aanduider van die maatskappy se winsgewendheid en het in vergelyking met die vorige jaar verhoog.



Die solvensieverhouding toon die solvensie van die besigheid deur te bereken hoeveel keer die maatskappy se skuld deur sy bates gedek word. Hoe hoër hierdie waarde, hoe veiliger is die maatskappy. 'n Waarde van minder as 1.00 beteken dat die maatskappy se aanspreeklikhede sy bates oorskry wat 'n ernstige situasie is.

Ek sal kortliks op individuele basis oor al ons besigheidsaktiwiteite terugvoer verskaf:

1. EIENDOM

- EIENDOMSBESTUUR: Ek is steeds trots daarop dat ons eiendomme in "The Vineyards Office Estate" in Bellville ten volle beset was gedurende die tydperk onder oorsig. Barinor het sedertdien 'n verdere 950 vierkante meter kantoorspasie in die nuwe "Klein D'Aria Estate" bekom vir die verhoging van die annuïteitsinkomste vir die groep. Ons is bly om te kan sê dat dit ook ten volle verhuur word. Tans het COVID-19 'n negatiewe effek op Barinor Properties met huurders wat ernstige kontantvloeitekorte ondervind wat gelei het tot onderhandelinge met huurders vir uitstel van betaling van huur.
- PARKBESTUUR: Hierdie entiteit presteer goed en die parke onder bestuur het omvattend uitgebrei. Ten spyte van die negatiewe impak van die COVID-19-inperking het die bestuurspan baie goed presteer.
- EIENDOMSONTWIKKELING: Die konstruksie van die grootste deel van die eerste fase van die "Klein D'Aria Estate" in Bellville is voltooi en word beset. Vanweë COVID-19 word die finale gebou van die eerste fase vir ten minste 18 maande vertraag. Aandeelhouers word genooi om die webwerf van die ontwikkeling te besoek om na die stylvolle ontwikkeling te kyk. Ons is waarlik trots op die finale produk. (www.kleindariaestate.co.za)

2. BELEGGINGS

Barinor se beleggings bestaan uit 'n portefeulje op die JSE asook by Investec Property Fund. Die aandeleportefeulje op die JSE het soos te wagte presteer gegewe Suid-Afrika se swak ekonomiese klimaat en is tans ± 5% laer as die einde van die vorige jaar. Ná die COVID-19-inperking het die aandele op die JSE skerp gedaal met ons beleggings in die Investec Property Fund wat in een stadium met byna 59% gedaal het. Die Investec Property Fund het aangedui dat die tweede tussentydse dividende nie verklaar sal word nie wat 'n negatiewe effek op Barinor se kontantvloei sal hê. Die portefeulje het effens herstel, maar is steeds 33% laer as teen jaareinde van die vorige finansiële jaar.

3. D'ARIA WYNLANDGOED

Die boerderybedrywighede en wynkelder maak 'n verlies en is nie volhoubaar nie. Ons is besig om die huidige besigheid te herstruktureer en herposisioneer. Beduidende beleggings word benodig vir die plaas en wynkelder om dit te behaal. Die oogmerk is dus om van die plaasgrond vir die ontwikkeling van 'n aftree-oord te benut en om surplus kontantvloei te skep om die boerdery- en wynkelderbedrywighede te subsidieer.

Terugvoering oor die individuele afdelings van D'Aria is soos volg:

- GASVRYHEID (Funksie lokaal, Restaurant en Gastekothuise): Vir die finansiële jaar onder oorsig (2018-2019) het die Gasvryheidsafdeling goed gevaar. Die restaurant is deur 'n nuwe eienaar bekom wat 'n groot kapitaalbelegging in die eiendom gemaak het. Die restaurant-aktiwiteite sal as "The Collection@D'Aria" bekend staan. Die gewilde Gastekothuise het goed gevaar in die jaar onder oorsig. Ongelukkig het die gasvryheidsbesighede tot 'n skielike stilstand gekom as gevolg van die onlangse COVID-19-pandemie. Dit is 'n groot terugslag vir D'Aria se kontantvloei. Dit is steeds onseker wanneer hierdie besighede weer kan handel dryf.
- WYNPLAAS: Ons het sopas klaar geoes en die druiwe-opbrengs stem ooreen met vorige jare.
- KELDER: Ons rapporteer met trots dat die wynverkope vir die finansiële jaar geëindig Junie 2019 met 10% vanaf die vorige jaar gestyg het en op R33.3 miljoen geëindig het, die hoogste verkoopwaarde tot dusver. D'Aria-wyne ontvang steeds veelvuldige plaaslike en internasionale wyntoekennings. D'Aria was gelukkig om 'n vervaardigingsooreenkoms aan te gaan om wyne vir die "House of Mandela" te produseer. Ongelukkig het die COVID-19-inperking 'n rampspoedige effek op plaaslike en internasionale wynverkope gehad. Aanlynwynverkope het 'n fokus vir D'Aria geword en Barinor-aandeelhouers is welkom om die webwerf vir aanlynwynaankope te besoek: www.dariawinery.co.za.

4. MAKELAARS

Vir die Junie 2019 finansiële jaar onder oorsig het die Makelaarsmaatskappy baie goed presteer en groei steeds.

Ons kondig met groot hartseer die skielike heengaan van ons geliefde kollega en vriend Brian Lotter aan, nadat hy onlangs met kanker gediagnoseer is. Hy was een vir ons stigterslede en die Besturende Direkteur van Barinor Makelaars. Ons was waarlik geseënd om Brian te kon ken en paaie met hom te kruis en hy sal altyd onthou word vir die werklike merkwaardige mens wat hy was. Brian laat 'n groot leemte in ons midde, maar ons sal die goeie herinneringe bewaar en sy groot gees elke dag onthou. Die Barinor-direksie oorweeg die toekomstige strukturering van Barinor Makelaars.

Ons stoei tans met die katastrofiese newe-effekte van die COVID-19-krisis; na my mening 'n proses wat twee tot drie jaar kan neem om op te los in terme van 'n nuwe "normaal". Ten spyte hiervan is ek optimisties en hoopvol dat Barinor die negatiewe effek van COVID-19 sal oorkom en uiteindelik sal floreer.

Soos Samuel Smile gesê het "*Hoop is die metgesel van mag, en die moeder van sukses; want wie só hoop, het die gawe van wonderwerke in hom*".

Laastens, dankie aan ons Barinor-direksie, die bestuurspan en personeel vir hulle onwrikbare ondersteuning en toewyding in hierdie moeilike tye.

Gerald Boshoff
Uitvoerende Voorsitter
Junie 2020

HIERDIE OMSENDBRIEF IS BELANGRIK EN BENODIG U ONMIDDELLIKE AANDAG.

Optrede verlang:

1. Indien u enigsins twyfel oor watter optrede van u verlang word of as u inligting benodig oor die Algemene Jaarvergadering of hoe om die volmagvorm te voltooi, skakel die Waarnemende Maatskappysekretaris by telefoonnommer 021 912 3500 of 082 465 6210.
2. Hierdie Omsendbrief sluit 'n volmagvorm in wat u moet voltooi en terugstuur ooreenkomstig die instruksies wat in hierdie Omsendbrief vervat is.
3. Indien u die Algemene Jaarvergadering gaan bywoon moet u dit teen 31 Julie 2020 skriftelik aan die maatskappy bevestig vir spesiale reëlings wat getref moet word as gevolg van die COVID-19 pandemie. Met aankoms sal u deur 'n siftingsproses gaan en moet voldoen aan die COVID-19 voorkomende operasionele prosedures soos geïmplementeer deur Barinor.
4. Indien u nie die Algemene Jaarvergadering wat gehou sal word om 11:00 op 5 Augustus 2020 by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy kan bywoon nie, maar by die vergadering verteenwoordig wil word, moet u die aangehegte volmagvorm in ooreenstemming met die instruksies daarin voltooi en terugbesorg aan die geregistreerde kantoor of pos dit na Posbus 3556, Tygervallei, 7536, of e-pos info@barinor.co.za om die Waarnemende Maatskappysekretaris te bereik teen nie later nie as 16:00 op 3 Augustus 2020.

BARINOR HOLDINGS (PTY) LTD

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/003570/07)
("die Maatskappy")

OMSENDBRIEF AAN AANDEELHOUERS

ten opsigte van

- die magtiging en goedkeuring van verskeie aksies;
- die kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering; en
- die volmagvorm.

Ouditeure

C2M

C2M GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER LDP ING.

Regsadviseur vir die Maatskappy

edward nathan sonnenbergs

EDWARD NATHAN SONNENBERGS ING.

Uitreikingsdatum: Junie 2020

KORPORATIEWE INLIGTING EN ADVISEURS

Waarnemende Maatskappysekretaris

C Uys

Geregistreerde kantoor

Barinor Holdings (Pty) Ltd
Farm 3
The Vineyards Office Estate
Jip de Jagerweg 99
Bellville, 7530
(Posbus 3556, Tygervallei, 7536)
Telefoon: 021 912 3550
Faksimilee: 021 913 3512

Ouditeure

C2M Geoktrooieerde Rekenmeesters Ing.
Tygerforum B
Willie van Schoor-rylaan 53,
Tygervallei, Bellville, 7530
(Posbus 3347, Tygervallei, 7536)
Telefoon: 021 914 0261
Faksimilee: 021 914 0262

Direkteure van die Maatskappy

GW Boshoff (Uitvoerende Voorsitter) *MComm*

GR Gous*†^ BA(law) LLB

JL Seeliger† BCom(Rek), Hons BCompt CA(SA)

PJ Badenhorst*† BProk

GW Deans*† BSc QS

^ leier onafhanklike direkteur
† nie-uitvoerend
* onafhanklik

Regsadviseurs

Edward Nathan Sonnenbergs Ing.
North Wharf Plein 1
Loopstraat
Kaapstad, 8001
(Posbus 2293, Kaapstad, 8000)
Telefoon: 021 401 2500
Faksimilee: 021 401 2555

BELANGRIKE DATUMS EN TYE

- Laaste dag waarop skriftelike bevestiging van bywoning van die Algemene Jaarvergadering die Maatskappysekretaris kan bereik: 16:00 op 31 Julie 2020
- Laaste dag waarop die volmagvorm die Maatskappysekretaris kan bereik:
  16:00 op 3 Augustus 2020
- Datum waarop die Algemene Jaarvergadering plaasvind:
  11:00 op 5 Augustus 2020

Aantekening:
Bogenoemde datums en tye is aan wysiging onderhewig. Enige wysigings aan die datums en tye sal aan Aandeelhouers bekend gemaak word.

DEFINISIES

In hierdie Omsendbrief en die bygaande dokumente, tensy anders aangedui of die konteks uitdruklik 'n ander bedoeling aandui, sal die enkelvoud die meervoud insluit en omgekeerd, woorde wat een geslag aandui, sal die ander geslag insluit, woorde wat natuurlike persone aandui sal regspersone insluit en die volgende uitdrukkings sal die betekenisse hê wat hieronder langs hulle uiteengesit is:

"aandele"	beteken gewone pariwaarde aandele in die aandelekapitaal van die Maatskappy;
"Aandeelhouers"	beteken die Aandeelhouers van die Maatskappy van tyd tot tyd;
"Algemene Jaarvergadering"	beteken die Algemene Jaarvergadering van die Aandeelhouers wat om 11:00 op 5 Augustus 2020 by die geregistreerde kantoor gehou word;
"Direkteur(e)" of "Direksie"	beteken die Direkteure van die Maatskappy van tyd tot tyd;
"geregistreerde kantoor"	beteken Farm 3, The Vineyards Office Estate, Jip de Jagerweg 99, Bellville, 7530;
"Maatskappy"	beteken Barinor Holdings (Pty) Ltd (registrasienommer 1998/003570/07);
"Waarnemende Maatskappysekretaris"	beteken C Uys;
"Maatskappywet"	beteken die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig;
"MOI"	beteken die "Memorandum of Incorporation" van die Maatskappy.
"Omsendbrief"	beteken hierdie Omsendbrief tesame met al sy bylaes;
"Sosiale, Etiese- en Transformasiekomitee"	beteken die Sosiale, Etiese- en Transformasiekomitee van die Maatskappy soos saamgestel ooreenkomstig die Maatskappywet; en
"volmagvorm"	beteken die volmagvorm wat by hierdie Omsendbrief aangeheg is;

BARINOR HOLDINGS (PTY) LTD

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/003570/07)
("die Maatskappy")

BARINOR
SINCE 1886

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Kennis geskied hiermee dat die Algemene Jaarvergadering op 5 Augustus 2020 om 11:00 by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy gehou sal word, met die doel om die volgende besluite te oorweeg en goed te keur en vir die skikking van sodanige ander besigheid soos wat by 'n Algemene Jaarvergadering afgehandel word.

Die Algemene Jaarvergadering word byeengeroep met 10 (tien) of meer werksdae se kennisgewing aan die Aandeelhouers, soos vereis deur artikel 62(1)(b) van die Maatskappywet.

Neem kennis dat enige Aandeelhouer enige ander aangeleentheid wat nie hieronder uiteengesit is nie, mag voorhou vir oorweging op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy. Aandeelhouers word in kennis gestel dat indien hulle enige sodanige aangeleentheid vir oorweging op die Algemene Jaarvergadering wil voorhou, hulle die Waarnemende Maatskappysekretaris skriftelik in kennis moet stel van sodanige aangeleentheid voor die aanvangsdatum van die Algemene Jaarvergadering.

Neem kennis dat bywoning van die Algemene Jaarvergadering in persoon skriftelik aan die Maatskappysekretaris bevestig moet word teen 31 Julie 2020 as gevolg van Covid-19.

Let daarop dat voordat enige persoon die Algemene Jaarvergadering mag bywoon of daaraan mag deelneem, die Maatskappy vereis dat die Aandeelhouer of sy gevolmagtigde, na gelang van die geval, voldoende bewys van identifikasie van die regte van sodanige persoon om deel te neem aan of te stem op die vergadering moet voorlê.

1. SPESIALE BESLUIT NOMMER EEN

Aandeelhouers magtig hiermee die Maatskappy om aan die direkteure finansiële bystand te verleen soos beoog ingevolge afdeling 45(2) van die Maatskappywet, met dien verstande dat sodanige magtiging onderworpe daaraan is dat die Direksie tevrede is dat:

1.1 na oorweging van alle redelike voorafsienbare finansiële omstandighede van die Maatskappy:

1.1.1 onmiddellik na die voorsiening van finansiële bystand:

1.1.1.1 die bates van die maatskappy soos billik waardeer sal gelykstaande of meer wees as die laste van die Maatskappy soos billik waardeer (met inagneming van redelik afsienbare voorwaardelike bates en laste van die Maatskappy); en

1.1.1.2 dit blyk dat die Maatskappy sy skuld sal kan betaal sodra dit verskuldig word in die gewone afloop van besigheid vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande na die datum waarop die toets vir solvensie en likiditeit van die Maatskappy oorweeg word; en

1.1.2 die bepalings waaronder die finansiële bystand voorgestel word billik en redelik is aan die Maatskappy; en

1.2 alle toepaslike bepalings en beperkings (indien enige) met betrekking tot die verlening van die finansiële bystand deur die Maatskappy vervat in die MOI voldoen is.

Ten einde Spesiale Besluit nommer een aan te neem moet sodanig deur Aandeelhouers wie ten minste 75% van die stemregte by die Algemene Jaarvergadering daarop uitgeoefen hou, goedgekeur word.

2. SPESIALE BESLUIT NOMMER TWEE

Aandeelhouers magtig en keur hiermee goed direkteure se fooie van nie meer nie as R100 000 (een honderd duisend rand) per maand, welke bedrag aan die direkteure betaal sal word vir hul dienste as direkteure soos beoog in afdeling 66(9) van die Maatskappywet.

Ten einde Spesiale Besluit nommer twee aan te neem moet sodanig deur Aandeelhouers wie ten minste 75% van die stemregte by die Algemene Jaarvergadering daarop uitgeoefen hou, goedgekeur word.

3. GEWONE BESLUIT NOMMER EEN

Verkiesing van Direkteure

Die vier nie-uitvoerende direkteure se termyn as direkteure verstrek by die afloop van die Algemene Jaarvergadering (soos beoog in klousule 22.2 van die MOI) en hulle word deur die Direksie gënomineer vir herverkiesing as direkteure.

3.1 BESLUIT dat GR Gous as direkteur verkies word met inwerkingtreding na afloop van die Algemene Jaarvergadering.

3.2 BESLUIT dat JL Seeliger as direkteur verkies word met inwerkingtreding na afloop van die Algemene Jaarvergadering.

3.3 BESLUIT dat PJ Badenhorst as direkteur verkies word met inwerkingtreding na afloop van die Algemene Jaarvergadering.

3.4 BESLUIT dat GW Deans as direkteur verkies word met inwerkingtreding na afloop van die Algemene Jaarvergadering.

Ten einde gewone besluit nommer een aan te neem moet sodanig deur meer as 50% van die stemregte, wat daarop uitgeoefen word by die Algemene Jaarvergadering, ondersteun word.

4. GEWONE BESLUIT NOMMER TWEE

BESLUIT dat die geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy en sy filiale, en die Direkteure se verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019 hiermee bevestig word.

Ten einde gewone besluit nommer twee aan te neem moet sodanig deur meer as 50% van die stemregte, wat daarop uitgeoefen word by die Algemene Jaarvergadering, ondersteun word.

5. GEWONE BESLUIT NOMMER DRIE

BESLUIT dat C2M Chartered Accountants Inc aangestel word as ouditeure van die Maatskappy vir die volgende jaar, om hul amp te beklee vanaf die afloop van die Algemene Jaarvergadering tot die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy, teen sulke vergoeding soos wat deur die Direksie bepaal word.

Ten einde gewone besluit nommer drie aan te neem moet sodanig deur meer as 50% van die stemregte, wat daarop uitgeoefen word by die Algemene Jaarvergadering, ondersteun word.

6. GEWONE BESLUIT NOMMER VIER

BESLUIT dat al die gemagtigde onuitgereikte aandele in die Maatskappy hiermee onder die beheer van die Direkteure geplaas word, wat 'n algemene magtiging sal hê om al of 'n gedeelte van sodanige onuitgereikte aandele toe te ken en uit te reik, in hul eie goeddunke.

Ten einde gewone besluit nommer vier aan te neem moet sodanig deur meer as 50% van die stemregte, wat daarop uitgeoefen word by die Algemene Jaarvergadering, ondersteun word.

7. GEWONE BESLUIT NOMMER VYF

BESLUIT dat elke Direkteur en die Maatskappysekretaris onderskeidelik hiermee gemagtig word en is om alles te doen en enige dokumente te teken wat nodig mag wees of verband mag hou met die implementering van besluite geneem by hierdie Algemene Jaarvergadering, en dat alle aksies reeds in hierdie verband geneem, hiermee bekragtig is.

Ten einde gewone besluit nommer vyf aan te neem moet sodanig deur meer as 50% van die stemregte, wat daarop uitgeoefen word by die Algemene Jaarvergadering, ondersteun word.

Namens die Direksie

C Uys
Waarnemende Maatskappysekretaris

NOTAS

BARINOR HOLDINGS (PTY) LTD

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/003570/07)
("die Maatskappy")

BARINOR
SINCE 1886

VOLMAGVORM

Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers

Enige Aandeelhouer wat geregtig is op bywoning van en om te stem by die Algemene Jaarvergadering wat gehou sal word by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy om 11:00 op 5 Augustus 2020, is geregtig om 'n gevolmagtigde, wat nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy hoef te wees nie, aan te stel om die Algemene Jaarvergadering by te woon, deel te neem aan besprekings en te stem. 'n Gevolmagtigde mag nie die magtiging verleen aan hom/haar/dit as gevolgmagtigde, delegeer nie. Indien enige Aandeelhouer sou verkies om 'n gevolmagtigde aan te stel om die Algemene Jaarvergadering by te woon, moet hierdie volmagvorm die Waarnemende Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor bereik, of gepos word aan Posbus 3556, Tygervallei, 7536, of e-pos: info@barinor.co.za bereik nie later nie as 16:00 op 3 Augustus 2020.

As geregistreerde houer van _____ aandele,
stel ek _____ (volle naam)
_____ (pensioennommer/houernommer)
van _____ (adres)
hiermee

1. _____ of by ontstentenis van hom/haar,
2. _____ of by ontstentenis van hom/haar,

die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering of by ontstentenis van hom/haar, enige direkteur as my gevolmagtigde aan om namens my, ten gunste van my, by die Algemene Jaarvergadering of by enige verdaging daarvan, te stem.

Geliewe by wyse van 'n kruis in die gepaste blok aan te dui hoe u verkies dat u stemme genoteer moet word, andersins sal die gevolmagtigde geag word geregtig te wees om soos hy/sy goeddink, te stem.

			Vir	Teen	Buite stemming
1.	Spesiale besluit nommer een				
2.	Spesiale besluit nommer twee				
3.	Gewone besluit nommer een				
	3.1	RG Gous			
	3.2	JL Seeliger			
	3.3	PJ Badenhorst			
	3.4	GW Deans			
4.	Gewone besluit nommer twee				
5.	Gewone besluit nommer drie				
6.	Gewone besluit nommer vier				
7.	Gewone besluit nommer vyf				

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2020.

Handtekening _____ Bygestaan deur _____
(waar van toepassing)

Magtiging van ondertekenaar moet aangeheg word indien toepaslik – Sien die volgende bladsy vir instruksies.

INSTRUKSIES VIR DIE VOLTOOIING VAN DIE VOLMAGVORM

1. 'n Deurhaling van enige gedrukte materiaal en die voltooiing van enige ruimte/s hoef nie onderteken of geparafeer te word nie.

2. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering sal geregtig wees om die magtiging van die ondertekenaar te weier tensy die volmag ingelewer word by die Waarnemende Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor of gepos word na Posbus 3556, Tygervallei, 7536, of e-pos: info@barinor.co.za om die Waarnemende Maatskappysekretaris te bereik nie later nie as 16:00 op 3 Augustus 2020.

3. 'n Aandeelhouer kan die naam van een of meer as een gevolmagtigde (wat nie 'n Aandeelhouer van die Maatskappy hoef te wees nie) in die toepaslike ruimte aanbring, met of sonder skrapping van die woorde: "die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering". Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en nie geskrap is nie, sal op voorkeurhandeling geregtig wees bo diegene wie se name daarop volg. Indien geen name ingevul word nie, sal die volmag deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering uitgeoefen word.

4. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die ondertekenaar verhoed om die Algemene Jaarvergadering persoonlik by te woon, aan die bespreking deel te neem en te stem nie ter uitsluiting van enige gevolmagtigde aangestel ingevolge hiervan, sou die ondertekenaar wens om dit te doen.

5. Indien die ondertekenaar nie in die aangewysde ruimte/s op die vooraansig hiervan ten opsigte van die besluite aandui hoe hy/sy wens om te stem nie, sal sy/haar gevolmagtigde geregtig wees om te stem soos hy/sy mag goeddink ten opsigte van die besluite.

6. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering mag enige volmagvorm aanvaar of verwerp wat anders ingevul is as ooreenkomstig hierdie voorskrifte mits hy homself tevrede gestel het oor hoe die lid verkies om te stem.

7. Indien die aandeelhouding nie aangedui word op die volmagvorm nie, sal die gevolmagtigde geag word om gemagtig te wees om die volle aandeelhouding te stem.

BARINOR HOLDINGS (PTY) LTD

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/003570/07)
("die Maatskappy")

SOSIALE, ETIESE- EN TRANSFORMASIEKOMITEE

In hierdie moeilike en onseker tye is dit belangrik om nie die verantwoordelikheid wat ons teenoor ons belanghebbers het uit die oog te verloor nie. Ons bly bewus van ons visie en waardes, "om welvaart met eer te skep" en om billikheid en integriteit deur ons sakepraktyke heen te beoefen. Ons glo dit is noodsaaklik om die aspekte van hierdie komitee in die strategiese langtermynbeplanning van die besigheid in te sluit; en om konstant die veranderende landskap te evalueer en volgens die veranderende landskap van die plaaslike en internasionale besigheidsgemeenskap te ontwikkel. Hierdie komitee se funksionering kan as 'n metaforiese deursyfereffek beskou word – beginnend met die manier waarop sake in die organisasie gedoen word, voortgaande met die manier waarop aandeelhouers, werknemers en kliënte beskou word en laastens om na die plaaslike gemeenskap en omgewing uit te reik. Barinor bestaan geensins in 'n vakuum nie en die verwesenliking van die belangrike rol wat elkeen van hierdie entiteite vervul, is sentraal om 'n wen-wen-situasie vir almal te skep. Hierdie komitee is die kurators van die organisasie se "morele kompas", wat dit lei na 'n toekoms wat in die beste belang van alle betrokke partye is.

Die Komitee bestaan uit die volgende individue:

Lede:
- Mnr Piet Badenhorst (Voorsitter)
- Professor Willie Esterhuyse
- Mev Welna Boshoff

Ander (per uitnodiging):
- Mnr Gerald Boshoff (permanente uitnodiging)
- Mnr Wilhelm Mostert

'n Uiteensetting van die verantwoordelikhede van die Komitee sluit in:

1. Om Barinor se aktiwiteite te monitor, ten opsigte van enige betrokke wetgewing, regsvereistes of heersende kodes van beste praktyk ten opsigte van:
   - 1.1 Sosiale en ekonomiese ontwikkeling
     - VN Wêreld-ooreenkomsbeginsels
     - OESO teenkorrupsie-aanbevelings
     - Wet op Gelyke Indiensneming
     - Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
   - 1.2 Goeie korporatiewe bestuur
     - Bevordering van gelykheid
     - Voorkoming van onbillike diskriminasie
     - Verlaging van korrupsie
     - Gemeenskapsontwikkeling
   - 1.3 Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid
     - Volhoubare ontwikkeling
     - Bewusmaking en assessering van risiko-impak
     - Deurlopende omgewingsmonitering

SOSIALE, ETIESE- EN TRANSFORMASIEKOMITEE (vervolg)

1.4 Verbruikersverhoudinge
- Openbare betrekkinge
- Advertering
- Voldoening aan verbruikersbeskermingswette

1.5 Arbeid en indiensneming
- IAO Protokol
- Wet op Arbeidsverhoudinge
- Wet op Basiese Indiensnemingsvoorwaardes
- Positiewe indiensnemingsverhoudings
- Opleiding en ontwikkeling (gesondheid en veiligheid, posspesifiek, persoonlike ontwikkeling)

1.6 Etiek
- Geleenthede en risiko's
- Standaarde en beleide
- King as etiese kompas
- Billikheid, deursigtigheid en oorweging

2. Om sake binne sy mandaat onder die aandag van die Direksie te bring soos nodig.
3. Om deur een van sy lede aan Aandeelhouers by die Algemene Vergadering te rapporteer oor sake binne sy mandaat.

Funksionering van die Komitee:

Die Komitee het vergaderings saamgeroep soos voorgeskryf word om Barinor se sakebesluite te evalueer, die organisasie se besluitnemers te lei in 'n rigting wat bewustelike bestuur ten opsigte van die areas van verantwoordelikhede wat hierbo genoem is, weerspieël. Verder word voorstelle in die Maatskappywet, King III- en King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur gedebatteer.

Barinor Holdings (Pty) Ltd

(Registrasienommer 1998/003570/07)

Geouditeerde gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2019

	Groep	
Syfers in Rand	**2019**	2018
Opsommende Staat van Finansiële Posisie		
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	35 478 016	36 425 585
Beleggingseiendomme	200 675 647	168 798 090
Belegging in gesamentlike ondernemings	50	50
Ander finansiële bates	45 682 856	48 893 707
Ander nie-bedryfsbates	6 439 513	4 029 751
	288 276 082	258 147 183
Bedryfsbates		
Voorraad	21 090 492	15 798 163
Lenings aan groep maatskappye	–	–
Kontant en kontantekwivalente	13 519 529	472 701
Ander finansiële bates	12 600	15 555
Ander bedryfsbates	18 024 628	37 577 423
	52 647 249	53 863 842
Totale bates	**340 923 331**	312 011 025
EKWITEIT EN LASTE		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal en premie	32 977 435	32 977 435
Verdeelbare reserwes	63 128 009	64 250 592
Nie-verdeelbare reserwes	153 413 398	150 420 508
	249 518 842	247 648 535
Nie-bedryfslaste		
Lenings vanaf groep maatskappye	–	–
Ander finansiële laste	72 304 626	42 400 400
Uitgestelde belasting	–	–
	72 304 626	42 400 400
Bedryfslaste		
Ander finansiële laste	4 767 280	920 000
Oortrokke bankrekening	6 220 105	8 152 484
Ander bedryfslaste	8 112 478	12 889 606
	19 099 863	21 962 090
Totale laste	**91 404 489**	64 362 490
Totale ekwiteit en laste	**340 923 331**	312 011 025
Opsommende Staat van Omvattende Inkomste		
Inkomste	51 168 304	43 125 441
Koste van verkope	(21 584 136)	(18 668 658)
Bruto wins	**29 584 168**	24 456 783
Ander inkomste	13 762 187	18 788 525
Bedryfsuitgawes	(38 648 575)	(34 816 647)
Bedryfswins	**4 697 780**	8 428 661
Beleggingsinkomste	3 681 249	3 214 961
Billike waarde aanpassing	(1 558 820)	(2 556 808)
Finansieringskoste	(4 497 751)	(4 365 102)
Wins voor belasting	**2 322 458**	4 721 712
Belasting	2 230 614	(692 258)
Wins vir die jaar	**4 553 072**	4 029 454
Basiese verdienste per aandeel (sent)	35	31
Netto batewaarde per aandeel (sent)	1 938	1 923

FINANSIËLE OPSOMMING

Syfers in Rand	Groep 2019	2018
Opsommende Staat van veranderings in Ekwiteit		
Saldo aan die begin van die jaar	**247 648 535**	245 890 087
Wins vir die jaar	4 553 072	4 029 454
Ander omvattende inkomste	(1 122 583)	(308 389)
Onuitgereikte aandele verval	402 434	–
Dividende verklaar	(1 962 616)	(1 962 617)
Saldo aan die einde van die jaar	**249 518 842**	247 648 535
Opsommende Staat van Kontantvloei		
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer/(gebruik) deur bedrywighede	**3 221 240**	(30 011 286)
Rente inkomste	1 510 475	768 915
Finansieringskoste	(4 497 751)	(4 365 102)
Dividende ontvang	2 170 774	2 446 046
Belasting betaal	2 955	163 616
Netto kontant uitvloei vanaf bedryfsaktiwiteite	**2 407 693**	(30 997 811)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Aankope van eiendom, aanleg en toerusting	(616 717)	(1 277 451)
Aankope van beleggingseiendom	(37 047 322)	(14 316 634)
Aankope van biologiese bates	(56 788)	(129 685)
Lenings voorsien aan groep maatskappye	–	(121 250)
Verkope van eiendom, aanleg en toerusting	11 307 693	14 756 899
Verkope van beleggingseiendom	3 669 766	9 344 213
Netto beweging in ander finansiële bates	3 123 559	(6 079 726)
Netto kontant invloei vanaf beleggingsaktiwiteite	**(19 619 809)**	2 176 366
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Opbrengs uit ander finansiële laste	–	25 618 106
Terugbetaling van finansiële aanspreeklikheid	33 751 506	187 000
Dividende betaal	(1 560 183)	(1 962 617)
Netto kontant uitvloei vanaf finansieringsaktiwiteite	**32 191 323**	23 842 489
Totale kontantbeweging vir die jaar	14 979 207	(4 978 956)
Kontant aan die begin van die jaar	(7 679 783)	(2 700 827)
Totale kontant aan die einde van die jaar	**7 299 424**	(7 679 783)

Basis van voorbereiding

Hierdie opsommende gekonsolideerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde vir klein en medium-grootte entiteite en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika No. 71 van 2008, soos gewysig.

Verkryging van 'n afskrif van die Geouditeerde Finansiële Jaarstate
'n Afskrif van die finansiële jaarstate van die Maatskappy kan verkry word, sonder enige onkoste, soos volg:

1. 'n Afskrif van die finansiële jaarstate kan vanaf die Maatskappy se webwerf afgelaai word, www.barinor.co.za.; of
2. By versoek om 'n afskrif van die finansiële jaarstate van Barinor Holdings (Pty) Ltd te bekom deur middel van:
   a. E-pos aan info@barinor.co.za;
   b. Per pos aan Barinor Holdings (Pty) Ltd, Posbus 3556, Tygervallei, 7536; of
   c. Faksimilee aan (021) 913 3512.

BARINOR

SINCE 1886

www.barinor.co.za